PERSVERKLARING

SARS BETREUR DIE AFSTERWE VAN VOORMALIGE ADJUNKPRESIDENT PHUMZILE MLAMBO-NGCUKA

Tshwane, 24 November 2026 – Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), dr. Johnstone Makhubu, tesame met die hele SARS-familie, sluit by Suid-Afrikaners en die internasionale gemeenskap aan in die rou oor die afsterwe van voormalige adjunkpresident Phumzile Mlambo-Ngcuka.

Suid-Afrika het ’n vooraanstaande dogter van eie bodem verloor, ’n leier wie se lewe gekenmerk is deur diensbaarheid, moed en ’n onwrikbare geloof in die waardigheid en potensiaal van elke mens.

Me. Mlambo-Ngcuka was deel van ’n geslag wat verstaan het dat vryheid die verantwoordelikheid meebring om geleenthede te skep vir die volgende generasie, en om jou stem te laat hoor al sou dit makliker wees om stil te bly en ongeag die gevolge. Soos vele voor haar, het sy gehelp om ons land meer regverdig en menslik agter te laat as wat sy dit gekry het.

Haar loopbaan op openbare vlak het van dié oortuiging getuig. Of sy nou die mense van Suid-Afrika gedien het of haar op die wêreldverhoog vir die regte en vooruitgang van vroue en meisies beywer het, sy het die waardes van ’n nasie uitgeleef wat deur stryd gevorm is, maar deur hoop staande gehou is.

Haar bydrae herinner ons dat ware leierskap nie gemeet word aan die ampte wat ons beklee, die titels wat ons dra of die erkenning wat ons ontvang nie, maar aan die lewens wat ons aanraak, die ekonomiese transformasie wat ons bevorder, die deure wat ons vir ander oopmaak en die sake waarvoor ons ons beywer lank nadat die applous vervaag het. Ware leierskap is om ’n verskil te maak.

Kommissaris Makhubu het gesê: “Vandag betreur ons die verlies van ’n leier, ’n patriot en ’n dienaar van mense, maar ons is ook dankbaar vir ’n lewe wat meer moontlikhede vir ander geskep het. Voormalige adjunkpresident Mlambo-Ngcuka het ons gewys dat krag en deernis hand aan hand kan bestaan, dat openbare diens met sowel moed as grasie verrig kan word, en dat die vooruitgang van ’n nasie uiteindelik gemeet moet

word aan die vraag of sy mense, veral diegene wat histories gemarginaliseer is, met waardigheid en hoop kan leef.

“Daar is mense wie se invloed nie met hul afsterwe tot ’n einde loop nie. Hulle leef voort in die instellings wat hulle versterk het, die mense wat hulle geïnspireer het en die geslagte wat deur die deure stap wat hulle help oopmaak het. Haar lewe getuig daarvan.”

As SARS-familie weet ons dat openbare instellings uiteindelik bestaan om mense te dien. Dit is in hierdie gees van diensbaarheid dat ons hulde bring aan ’n vrou wat soveel van haar lewe aan Suid-Afrika en die strewe na ’n regverdiger wêreld gewy het.

Ons betuig ons innigste meegevoel aan haar familie, vriende, voormalige kollegas en almal wie se lewens deur haar leierskap en menswees geraak is.

Mag hulle in hierdie tyd van hartseer vertroosting vind in die wete dat Suid-Afrika nie alleen rou nie. Regoor ons land en buite ons landsgrense dra mense se lewens die afdruk van haar werk, en is hul toekoms blinker omdat sy ’n lewe van diensbaarheid gekies het.

Mag haar nalatenskap ons steeds aanspoor om te streef na die Suid-Afrika wat sy geglo het moontlik is.

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE